
netwerk24.com

# 400 poste besnoei in Media24-skuiwe

Send to Kindle




Media24 se hoofkantoor in Kaapstad. Foto: Getty Images

Tot 400 mense kan hul werk verloor nadat Media24 aangekondig het hy oorweeg die sluiting van vyf van sy koerante se gedrukte uitgawes.

Media24 het ook 'n aanbod van die drukkerygroep Novus aanvaar om sy gemeenskapskoerantportefeulje en sy medialogistieke onderneming, On the Dot, oor te neem.

Die besluite behels dat die gedrukte uitgawes van *Beeld, Rapport*, *City Press*, *Daily Sun* en *Soccer Laduma* gestaak gaan word. Die digitale (PDF-)uitgawes van

*Volksblad* en van *Die Burger Oos-Kaap,* asook die digitale blad SNL24, word gesluit.

Volgens Media24 is Novus se oorname van On the Dot en die gemeenskapskoerant-portefeulje nog aan regulatoriese goedkeuring onderhewig.

Volgens Ishmet Davidson, uitvoerende hoof van Media24, het verbruikersvoorkeure verander en lees mense nou meestal hul nuus op hul selfone en skootrekenaars.

"Gevolglik ly gedrukte media wêreldwyd al dekades lank weens die strukturele afname in sirkulasie en advertensies. Gekombineer met stygende vaste verspreidingskoste, het dit 'n verwoestende impak op drukbedrywighede gehad.

"Gevolglik is ons titels in die noordelike streek al 'n rukkie lank op lewensondersteuning. Gesamentlike verliese sal na verwagting oor die volgende drie jaar tot R200 miljoen styg. Ná jare se besnoeiings het ons die einde van kosteverminderings bereik om hierdie drukbedrywighede te probeer red. Ons het eenvoudig nie meer opsies nie.

"Ons moet ons onderneming dus nou herstruktureer. Dit sal ook die oorblywende lewensvatbare handelsname in staat stel om ten volle na digitaal oor te beweeg en sal ons twee digitale hoof-nuushandelsname – News24 en Netwerk24 – versterk, wat gehore en die samelewing oor verskeie marksegmente bedien."

As digitale handelsname sal *Rapport* en *City Press* by onderskeidelik Netwerk24 en News24 inskakel. *Beeld*-, *Volksblad*- en *Die Burger Oos-Kaap*-lesers en -intekenare sal steeds toegang tot hul nuus op Netwerk24 kry, tesame met die byna 100 000 intekenare wat die platform reeds het.

Volgens Davidson is die gemeenskapskoerante nog winsgewend.

*Daily Sun* (deel van SNL24) is volgens hom ’n belangrike deel van die middelmark, en Media24 sal steeds dié mark bedien deur die herbekendstelling van die handelsnaam as ’n selfstandige en gratis e-nuuswerf.

Die gedrukte weergawes van *Die Burger* en *Son* in die Wes-Kaap word nie deur dié veranderinge geraak nie. Hulle het ’n aparte infrastruktuur wat lewensvatbaar bly as gevolg van ’n meer gekonsentreerde plaaslike voetspoor en is marginaal winsgewend, verduidelik Davidson. “Daarbenewens het *Die Burger* groot historiese waarde as die fondament waarop Naspers gebou is.”

Die konsultasieproses met geraakte personeel sal volgens Davidson na verwagting oor die volgende drie maande voltooi word, met 30 September wat geoormerk is as die laaste dag van publikasie vir die betrokke koerante.

“Ons verwag dat die voorgestelde herstrukturering tot minstens 400 werkverliese kan lei, met nog 400 poste wat na Novus Holdings oorgedra sal word met die verkoop en sommige rolle wat moontlik ná 30 September nodig is,” sê Davidson.

“Ons beoog ook om ons korporatiewe en ondersteuningsdienste en bedryfskoste te verminder in ooreenstemming met die veranderinge wat in ons onderneming aangebring word.

“Ons is ten volle daartoe verbind om hierdie hoogs sensitiewe konsultasie met deernis te bestuur terwyl ons die prosesse volg wat deur die wet voorgeskryf word en beoog om werkverliese – veral onder ons joernaliste – tot die minimum te beperk. Ons kan ongelukkig geen verdere besonderhede deel voordat die proses afgehandel is nie,” sê Davidson.

Volgens hom is Media24 se toekoms ongetwyfeld digitaal, maar die digitale nuusdienste ondervind nie meer mededinging van net ander plaaslike uitgewers nie. “Ons vernaamste mededingers is nou Facebook, Google, Instagram en TikTok wat almal goed gefinansier is en in die buiteland gesetel is.”

Prof. Rachel Jafta, voorsitter van die Media24-direksie, sê: “As die tuiste van betroubare en onafhanklike joernalistiek, speel Media24 ’n deurslaggewende rol in ons samelewing – veral om ’n stem aan miljoene van ons medeburgers te gee. En ons bly so toegewyd soos altyd aan hierdie morele verpligting.”

*• Netwerk24 is deel van Media24.*

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/maatskappye/400-poste-besnoei-in-media24-skuiwe-20240618